# Huisgeloof

Druk afdeling

Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Deel met mekaar hoe julle in die oggende wakker gemaak word. Wat is vir julle lekker daarvan en wat is vir julle sleg daarvan. Die ouer persone in die gesin kan vertel hoe hulle as kind wakker gemaak is.

## WONDER

Julle gaan nou 'n verhaal lees van hoe Jesus vir Lasarus uit die dood wakker gemaak het.

Lees Johannes 11:17-44 saam.

Gesels saam:

- Watter sin sê Maria en Martha albei vir Jesus?
- Ná hulle klagte dat Jesus nie daar was nie, reageer Martha en Maria op verskillende maniere. Martha redeneer, en Maria huil. Hoe tree Jesus teenoor hulle op?
- Jesus het hartseer geword oor Lasarus se dood. Wat sê dit vir ons van Jesus?

## WEES

Ontmoeting 2 tot 7 vorm 'n reeks oor die "Ek is"-uitsprake. Dit gaan julle help om beter te verstaan wie Jesus is. Julle kan die uitsprake op een plek in julle huis uitbeeld. Dalk in die middel van die eetkamertafel of op 'n ander praktiese plek.

*Ek is die opstanding en die lewe* is die vyfde uitspraak. Voeg hierdie week 'n voorwerp by julle uitstalling wat die leë graf simboliseer, byvoorbeeld 'n leë houer.

*Alternatief*: Teken 'n prent van 'n leë graf, of druk een uit. Skryf die volgende bo die prent: Ek is die opstanding en die lewe.

## WEGSTUUR

Laat elke gesinslid een sin sê waarin hulle vir Jesus dank dat Hy die lewe gee. Voorbeeld: Dankie, Jesus, dat U vir my hoop gee, selfs wanneer ek hartseer is.

*Alternatief:* Ons weet uit hierdie teksgedeelte dat Jesus die dood oorwin het, maar dat die dood steeds deel van ons aardse lewe is. As julle iemand ken wat gesterf het, gesels oor daardie persoon. Watter mooi herinnerings het julle van die persoon? Wat sou julle graag weer saam met daardie persoon wou doen? Vier vandag sy of haar lewe.